# Hoofstuk van die dag: Lukas 21

> *As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby. (vers 28)*

“Hierdie dinge” waarvan die Here hier praat, is die wêreld wat op sy kop gaan staan, en alles is deurmekaar. Die klimaat sal

net nie meer dieselfde wees nie: “die kragte van die hemelruim sal ontwrig word” (vers 26). Vroeër in die hoofstuk praat die Here van vals leiers (vers 8), van oorloë (vers 10), aardbewings, hongersnode en epidemies (vers 11), vervolging (vers 12).

Hierdie dinge is om ons aan die gebeur. ’n Mens kan dit nie miskyk nie.

Wat is ons roeping in hierdie tyd? “As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby.” Dis asof die Here vir ons wil sê: Moenie julle blind staar teen die dinge wat om julle gebeur, asof dit die einde van die wêreld is nie! Sien en hoor in dié dinge dat Ek aan die kom is! Dat die einde naby is! Dat julle op pad is na die ewige heerlikheid! Lig op julle koppe en julle oë, kyk na die wolke van die hemel, want daarvandaan gaan Ek weer kom in heerlikheid!

Daar is ook ’n ander manier: “As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby.” Dis asof die Here vir ons wil sê: Moenie julle blind staar teen die dinge wat om julle gebeur, asof dit die einde van die wêreld is nie! Sien en hoor in dié dinge dat Ek aan die kom is! Dat die einde naby is! Dat julle op pad is na die ewige heerlikheid! Lig op julle koppe en julle oë, kyk na die wolke van die hemel, want daarvandaan gaan Ek weer kom in heerlikheid!

## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

© Bybelkoerant 2018 – 2026